Oom Jan van Delmas, kry nuwe, gratis ore !!!

Verskaf deur: Siemens Hearing Solutions:

Teen die einde 2009, klaar gereed vir ‘n lekker lang see vakansie, daag daar ‘n epos op in my in-mandjie. **Siemens Hearing Solutions**, een van die gehoorapparaat verskaffers wat ek gereeld gebruik, kondig ‘n projek aan genaamd: **“Christmas Wish List”.** Hul nooi die oudioloë uit om kliënte wat gedurende die jaar by die praktyk aangedoen het, maar nie die finansiële vermoë gehad het om nuwe apparate te bekostig nie, in te skryf per motivering asook die resultate van hul gehoortoets. Ek het onmiddellik besef dat dit die geleentheid is waarop ons gewag het om vir Oom Jan te help met nuwe apparate, aangesien dié wat hy gebruik het, nie meer voldoende was vir sy gehoorverlies nie.

Nadat ek ‘n sterk motivering asook sy oudiogram (resultate van die gehoorverlies) vir **Siemens** aangestuur het, kon ek rustig gaan vakansie hou.

Februarie het **Siemens** ons geskakel met die wonderlike nuus!! Oom Jan Bezuidenhoudt van Delmas is een van die gelukkige kliënte wat nuwe apparate , ter waarde van R20 000, gratis van **Siemens** gaan ontvang. Maart is al die nodige afdrukke gemaak, die nuwe apparate is gepas en tans is ek saam met Oom Jan besig met die programmering van die nuwe apparate vir by spesifieke behoeftes aan te pas.

Die gehoorapparate beskik oor nuwe tegnologie wat die spraaksein opvang met multi-direksionele mikrofone. Hy is gevolglik nie meer so afhanklik van liplees nie, aangesien die apparaat se mikrofone die spraaksein opvang, selfs indien iemand van agter met hom praat.

… 2/

Verder het die nuwe apparate ook tegnologie wat sy omgewing bestuur deur die omgewingsgeluide te demp sodra spraak teenwoordig is. Met ander woorde, die apparaat, of eintlik moet ons dit die rekenaar in sy oor noem, bestuur sy omgewing sodanig dat dit altyd die beste moontlike spraak verstaanbaarheid op elke gegewe oomblik en veranderende situasie, vir hom gee.

Oom Jan kan nou weer lekker saam gesels.

Dankie Siemens Hearing Solutions, SA.

Thia Pretorius
Oudioloog,
Delmed Mediese Sentrum